SA Wrestling Federation Stoeifederasie

Administratiewe Raad

TELEFOON: **017-6322506**
FAKS: **017-6324686**
SELFOON: **0823437800**
E-POS: sawrestl@mweb.co.za

POSBUS 364
EVANDER 2280
1 Januarie 2010

AAN: ALLE ADMIN RAADS LEDE.
ALLE STOEIVERENIGINGS SEKRETARISSE.

Mnr/Me,

I.S.: SA ADMIN KURSUS – 30 JANUARIE 2010:

Daar gaan in 2010 twee (2) SASF Admin kursusse wees: **30 Januarie 2010** te Pretoria & P.E/Kaapstad en **13 Maart 2010** te Pretoria tydens die Limpopo Ope Kmp.

Die Admin handleiding se prys is ingsluit in die kursus gelde vir die persone wat die kursusse bywoon op 30 Junuarie 2010 en 13 Maart 2010.
Addisionele Admin handleidings is beskikbaar teen R50-00 elk.

Die kursusgeld is R140:00 per persoon (saam met die handleiding) waarvan R50-00 na die Streek gaan; R40:00 na die SASF Admin Raad, asook die R50:00 van die handleiding.
Persone wat saamkom en nie die kursus bywoon nie maar bly vir etes moet R40:00 betaal. Die bedrag gaan net so na die gas Vereniging.
Persone wat nie ‘n handleiding wil koop nie, betaal net R90:00 vir die Kursus.
Die kursusgelde vir Port Elizabeth en Boland is R140-00 per persoon. O.P. & BOLAND. kry R40-00 en die S.A. Admin Raad kry R50-00, plus die R50:00 van die handleiding.
Persone wat nie ‘n handleiding wil koop nie, betaal net R90:00.

Daar word ‘n vriendelike beroep op almal gedoen om asb kontant te betaal. Indien daar egter wel per tjek betaal word (Streek 2), maak asb die tjeks uit aan die gasheer Stoeivereniging wat die Admin Kursus aanbied in die Streek.

Streek 1: Pretoria - N.G. Stoeisaal, Menlo Park. (Limp., N.G., Sen. Gaut., Mpum., O.G., KZN., Sed., N.Wes., N.Vry., S.Vry., N. Kaap.)
Kursusleiers: Corrie Muller, Festa de Beer en Anna Addinall.

Name van kursus gangers moet gestuur word aan:
Corrie Muller: E-pos: corrie.muller@yahoo.com
Faks: 0866334511 Sel: 0741142643
Stuur asb. die name per e-pos

Streek 2: Port Elizabeth en Paarl.
Kursusleiers: Manie v/d Berg en Lollie v/d Berg. E-pos: sawrestl@mweb.co.za.
Faks: 017 6324686. Sel: 0829229411
Stuur die name per e-pos asb.

Behalwe by die O.P. en W.P. sal die registrasie van die SA Admin Kursus op 30 Januarie 2010 tussen 08H30 en 09H00 plaasvind en die Kursus begin om 09H00.

Exep. gegradeerde Admin Beamptes sal 'n sekere deel van die Admin Kursus aanbied vir hulle teorie punte. Hulle sal deur die onderskeie kursusleiers laat weet word watter deel hulle moet aanbied.

Exep. Admin beamptes moet steeds gedurende die jaar prakties doen en voldoen aan die praktiese optredes vereistes om te kan kwalifiseer om op te gradeer te word.

Al die ander Admin Beamptes moet die eksamen skryf.

Die reiskoste van die kursusleier word deur die Streek betaal teen R1-00 per kilometer.

Die Vereniging wat die kursus aanbied moet sorg dat daar 'n werkende oorhoofse projektor, 'n wit skerm en 'n blaaibord is.
Daar moet genoeg tafels en stoele wees in die lokaal waar die kursus plaasvind.
Die Gasheer Stoeivereniging voorsien die verversings vir die Admin kursus.

Laat weet asb die onderskeie kursusleiers voor of op 25 Januarie 2010 die name van die persone van u Stoeivereniging wat die kursus gaan bywoon; name van persone wat net etes gaan nuttig **en hoeveel handleidings daar benodig word**.
Die Stoeiverenigings betaal vir die aantal name wat deurgegee is op 25 Januarie 2010.

NB: Onthou asb dat alle P-A en hoër gegradeerde Admin Beamptes wat tydens SA Kmp wil werk, alreeds die betrokke jaar 'n SA Admin Kursus moes bygewoon het. Admin Beamptes wat ingedeel is om te werk tydens die SA Graderings Kmp op 19 & 20 Februarie 2010, moet dus die SA Admin Kursus op 30 Januarie 2010 bywoon. Indien hulle nie die SA Admin Kursus bygewoon het nie, sal hulle name afgehaal word. 'n Lys met Admin Beamptes wat tydens die SA Graderings Kmp 2010 moet werk, sal deur Manie vd Berg uitgegee word.

<u>Ons doen ‘n ernstige beroep op alle persone verantwoordelik vir Admin sake in die Stoeiverenigings om asb al die bogenoemde inligting aan al die P-A en hoër gegradeerde Admin Beamptes deur te gee</u>.

Alle geregistreerde Spanbestuurders; Beamptes en Afrigters is welkom om die SA Admin Kursus by te woon.

Enige persoon mag die Admin kursus bywoon solank die kursus gelde betaal word.

Indien daar enige onduidelikeid of navrae is, kontak my asb.

Baie Dankie.

Groete,

Lollie van den Berg.
Sekretaris – Adminraad 2010.